

Anne Pienaar Gedenk (VGK) Primêr

**Posbus 225
Malmesbury
7300**

Tel/Faks: 022-482 2051

e-pos adres: admin@annepienaarps.wcape.school.za

Laatkom- en Stokkiesdraaibeleid

1. Doel:

Om die waarde by leerders tuis te bring van die belangrikheid om verantwoordelik op te tree ten opsigte van:

- Betyds aanmeld by die skool
- Betyds en gereeld vir lesure aanmeld
- Betyds vir buitemuurse aktiwiteite op te daag, so nie die betrokke opvoeder dienooreenkomstig in te lig.

Om by personeel (doserend- en nie-doserend) die verantwoordelikheid om betyds te wees te vestig en daardeur waarde te gee aan die stelling, 'die mag van die voorbeeld'.

Om te verseker da tdie hierdie waardes vasgelê word en daardeur 'n verantwoordelike arbeidsmag vir die toekoms te vestig.

2. Laatkom vir skool – Leerders:

- Leerders wat laatkom (die wat skool toe stap) sal in die laatkomregister aangeteken word.
- Opvoeders op terreindiens sal leerders monitor en aanteken wat sonder vooraf kennisgewing laat is.
- Anne Pienaar Gedenk Primêr sal sover moontlik begrip en respek vir godsdienstige diversiteit bevorder en uitbou.
- Indien 'n leerder gereeld laat kom, sal sy/haar ouers skriftelik in kennis gestel word.

3. Stokkiesdraai:

- Waar moontlik moet leerders aangemoedig word om klas toe te kom.
- Leerders wat stokkiesdraai word deur die opvoeder in die klas aangeteken.
- Die skoolhoof moet deur die opvoeder inkennis gestel word van leerders wat stokkiesdraai sodat dit dan in die Voorvalle register aangeteken kan word.
- Indien 'n leerder gereeld stokkiesdraai, sal sy/haar ouers skriftelik inkennis gestel word.

4. Opvoeders/Nie-doserende personeel:

- Moet daaglik, onmiddellik wanneer hulle vir diens aanmeld, die bywoningsregister teken en die tyd aandui.
- Die teenwoordigheid word daaglik voor 10h00 op HC-LMS deurgegee.
- Personeel moet die Skoolhoof voor-af in kennis stel indien hulle gaan laat wees of nie die betrokke dag by die skool sal wees nie.
- Personeel wat sonder voor-af kennisgewing laat is, of nie vir diens aanmeld nie, sal deur die Skoolhoof aangespreek word. Indien hierdie optrede gereeld geskied, sal dit onder die Beheerliggaam se aandag gebring word.

Geteken:

Me. A. Abrahams
Voorsitter: Beheerliggaam

Datum: